Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

# JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

**NUUSBRIEF: 29 (4 - 11 September 2026)**

## *SPORT*

### KRIEKET

o/13A seuns
De Aar wen Jakkies, Saterdag, 29 Augustus, met 32 lopies.

o/9 krieketspan
Jakkies wen Eureka, Dinsdag, 1 September, met 9 paaltjies.

Sterkte aan ons o/13 seuns en dogters wat Vrydag, 11 September hul eerste T20 krieketwedstryde speel. Al die inligting is op die groepe deurgegee.
Indien een van die koshuisleerders verblyf benodig vir Vrydagaand, mag hulle in die koshuis oorslaap.

### TENNIS

Baie geluk aan Ané de Wet met haar 2de plek (o/14) tydens die Xhariep vs Mangaung kompetisie.

Maandag, 7 September se wedstryd teen Eureka word uitgestel tot verdere kennisgewing.

Sterkte aan al die graad 1-3 spelers wat Vrydag, 11 September aan Newton se tennisdag gaan deelneem.

### o/12 ITEC tennistoernooi

Baie sterkte aan die spelers wat Vrydag, 11 September en Saterdag, 12 September aan hierdie toernooi gaan deelneem.

### GIMNASTIEK

Die volgende Level 1-3 Trampolien & Tuimel gimnaste het gekwalifiseer om Suid-Vrystaat te verteenwoordig by Nationals op 27 September in Kaapstad:

- Liahmé Williams
- Cahrli Williams
- Aneska Strydom

Baie geluk aan hierdie gimnaste en sterkte met die kompetisie.

## LEERDERS

### LOOPBAANDAG

Die gr 7-klas het Vrydag, 11 September loopbaandag. Hulle het reeds al die inligting in die klas ontvang.

### KOEKIEVERKOPING

Bring ‘n geldjie saam op Maandag, 7 September en ondersteun die gr 2-klas met hulle koekieverkoping.

**BYBELVASVRA**
Baie geluk aan die bybelvasvraspan wat 'n 2de plek in die Vrystaat behaal het:
- Melindri Lombaard, HD Kruger, Micheline Visser en Christibe de Witt.

## <u>OUERS</u>

**VERGADERING**
Neem kennis van die volgende vergadering wat Maandag, 7 September plaasvind:
- Finansiële komiteevergadering – 08:00

**MUNTLEGGING**
Maandag, 14 September gaan muntlegging ten bate van die DBV (Kimberley) hier by Jakkies plaasvind. Enige donasies soos kos, speelgoed, medisyne, beddegoed of kontant sal waardeer word. Leerders moet ook hul munte onthou.

**LOSLITDAG**
JOS wil graag elke ouer, leerder en onderwyser bedank wat hulle ondersteun het. Dit word opreg waardeer.
Baie geluk aan die volgende wenners van die dromkompetisie:
- Solo-item: Christibe de Witt – Wenner
  Luan Liebenberg – Naaswenner
- Groepitem: Die Kareehof kloppers – Wenners
  Starships – Naaswenners
- Mooiste drom: Grondslagfase: Frederik Botha en Driaan Botha (Gesamentlike 1ste plek)
  Luca Marais (Naaswenner)
  (Graad 4-7): Luan Liebenberg – Wenner
  Elrie Jacobs - Naaswenner
- Klaskompetisie: Graad 1B

Baie dankie aan die QLTC wat die pryse aan die wenners geborg het.



……………………….
T.E. MOSTERT

**GEBEDSLYS:**

Danie en Mynhardt Nel (ouma oorlede)
Siek kinders en personeel.



Diskonto Boeke kom besoek

**LAERSKOOL JACOBSDAL**

*Jy word uitgenooi*

**Uitstallingstye 2026:**

**17 September [10:00 -15:00]**

**18 September [07:00 -13:00]**

*** Alle ouers is welkom ***

**Kontant en kaarte word aanvaar**

**Vir meer inligting kontak**

**Andries 072 953 7996**

www.diskontobooks.co.za